**Die leierskapsrol van die kurrikulumadviseur tydens die implementering van veranderinge aan die kurrikulum in die algemene onderwys- en opleidingsverband: ’n gevallestudie**

---

Kurrikulumadviseurs as leiers word daagliks aan veranderinge in die kurrikulum blootgestel. As pas aangestelde kurrikulumadviseur by ’n spesifieke onderwysdistrik was dit vir my `n uitdaging om leiding en ondersteuning aan onderwysers te bied tydens die implementering en veranderinge van die kurrikulum.

Die doel van die studie was om die rol en funksie van die kurrikulumadviseurs met kurrikulum veranderinge en die implementering daarvan in 'n onderrigverband te ondersoek en vas te stel hoe hulle dit ervaar. Uit die literatuur blyk dit dat die implementering en bestuur van hierdie veranderinge ’n groot uitdaging vir kurrikulumadviseurs is en dat dit baie moeilik vir hulle is om doeltreffende leierskap en ondersteuning te bied.

Ek het onderhoude met ses kurrikulumadviseurs gevoer om binne hul konteks, hulle ervarings en indrukke te verstaan en agtergekom dat hul geen of baie min opleiding ontvang het om hierdie take suksesvol te verrig.

Deur die konseptuele raamwerk is hulle primêre en sekondêre uitdagings geïdentifiseer en bevestig. Hulle leierskapfunksies is tweeledig van aard aangesien die rolle van onderrigleierskap en volwasse student vermengd kan voorkom. Adviseurs gee leiding ten opsigte van beide primêre en sekondêre uitdagings en hierdie funksies gee openlik uiting aan leierskaprolle op 'n natuurlike manier, aangesien die onderskeie funksies onderskeibaar maar nie onafhanklik van mekaar is nie.

Opleiding, heropleiding, die opbou van verhoudinge en die skep en fasilitering van geleenthede vir die bemagtiging rondom professionele ontwikkeling is kernfunksies van kurrikulumadviseurs. Die opleiding van nuutaangestelde vakadviseurs blyk ook ’n duidelike eksterne faktor te wees, aangesien die adviseurs gevoel het dat hulle nie voldoende toegerus was tydens aanstelling nie.

Geen Suid-Afrikaanse studie het al ondersoek ingestel na kurrikulumadviseurs se belewenisse van leierskapsfunksies nie. Hierdie studie vul daardie leemte deur nuwe perspektiewe op hierdie adviseurs se ervarings te identifiseer en beskryf en dra dus by tot die uitbreiding van navorsing in die gebied van kurrikulumleierskap.

`n Basiese raamwerk as teoretiese basis en rigtingwyser vir die navorsing is ontwikkel en dien as instrument vir hierdie studie om die leierskapfunksies van kurrikulumadviseurs rakende kurrikulumimplementering en -verandering te identifiseer en omskryf. Die konseptuele

raamwerk kan gebruik word deur toekomstige navorsers wat moontlik die studie binne ’n breër onderwyskonteks of -omgewing wil uitbrei.

Dr Christopher Brian Swartz
Promotor: Prof Arend Carl